



Praktyk Konsultasiefooi-beleid Spreekkamer konsultasies

1 Julie, 2020

Mediese fonds-pasientjies

1. Mediese fonds-pasientjies op 'n ingekontrakteerde mediese fonds en 'n algemene praktisyn-verwysing of magtigingsnommer word nie benodig vir befondsing van die konsultasie nie.

Die konsultasie word aangeslaan op mediese fonds opsie-tarief, wat wissel van fonds tot fonds.

Opsies vir vereffening van die rekening :

- (a) Om direk te eis by die fonds na afloop van die konsultasie.
- (b) Die ouer kan kies om die volle konsultasiefooi op die dag van die konsultasie te vereffen. 'n Afslag van 10% word aangebied. Die ouer eis dan self terug van die fonds.
- (c) Indien die ouer se fonds uitgeput is, moet 'n minimum van R400 op die dag van die konsultasie betaal word. Die balans van die rekening is betaalbaar 30 dae na die konsultasie.

2. Mediese fonds-pasientjies op 'n ingekontrakteerde mediese fonds en 'n algemene praktisyn-verwysing of magtigingsnommer word wel benodig vir befondsing van die konsultasie.

Die konsultasie word aangeslaan op mediese fonds opsie-tarief, wat wissel van fonds tot fonds.

A. Indien 'n verwysingsbrief en/of magtigingsnommer bekom is volgens die betrokke fonds-opsie se reëls, is die opsies vir vereffening van die rekening :

- (a) Om direk te eis by die fonds na afloop van die konsultasie.
- (b) Die ouer kan kies om die volle konsultasiefooi op die dag van die konsultasie te vereffen. 'n Afslag van 10% word aangebied. Die ouer eis dan self terug van die fonds.
- (c) Indien die ouer se fonds uitgeput is, moet 'n minimum van R400 op die dag van die konsultasie betaal word. Die balans van die rekening is betaalbaar 30 dae na die konsultasie.

B. Indien daar nie 'n verwysingsbrief en/of magtigingsnommer bekom is nie, word die rekening hanteer soos vir 'n pasientjie met 'n uitgeputte fonds :

- (a) Die ouer kan kies om die volle konsultasiefooi op die dag van die konsultasie te vereffen. 'n Afslag van 10% word aangebied.
- (b) Andersins moet die ouer 'n minimum van R400 op die dag van die konsultasie betaal. Die balans van die rekening is betaalbaar 30 dae na die konsultasie.

3. Mediese fonds-pasientjies op 'n mediese fonds waarmee die praktyk nie 'n kontrak gesluit het nie en 'n algemene praktisyn-verwysing of magtigingsnommer word nie benodig vir befondsing van die konsultasie nie.

Die konsultasie word aangeslaan op die kontanttarief.

Opsies vir vereffening van die rekening :

(a) Om direk te eis by die fonds na afloop van die konsultasie.

(b) Die ouer kan kies om die volle konsultasiefooi op die dag van die konsultasie te vereffen. 'n Afslag van 10% word aangebied. Die ouer eis dan self terug van die fonds.

(c) Indien die ouer se fonds uitgeput is, moet 'n minimum van R400 op die dag van die konsultasie betaal word. Die balans van die rekening is betaalbaar 30 dae na die konsultasie.

4. Mediese fonds-pasientjies op 'n mediese fonds waarmee die praktyk nie 'n kontrak gesluit het nie en 'n algemene praktisyn-verwysing of magtigingsnommer word benodig vir befondsing van die konsultasie.

Die konsultasie word aangeslaan op die kontanttarief.

A. Indien 'n verwysingsbrief en/of magtigingsnommer bekom is volgens die betrokke fonds-opsie se reëls, is die opsies vir vereffening van die rekening :

(a) Om direk te eis by die fonds na afloop van die konsultasie.

(b) Die ouer kan kies om die volle konsultasiefooi op die dag van die konsultasie te vereffen. 'n Afslag van 10% word aangebied. Die ouer eis dan self terug van die fonds.

(c) Indien die ouer se fonds uitgeput is, moet 'n minimum van R400 op die dag van die konsultasie betaal word. Die balans van die rekening is betaalbaar 30 dae na die konsultasie.

B. Indien daar nie 'n verwysingsbrief en/of magtigingsnommer bekom is nie, word die rekening hanteer soos vir 'n pasientjie met 'n uitgeputte fonds :

(a) Die ouer kan kies om die volle konsultasiefooi op die dag van die konsultasie te vereffen. 'n Afslag van 10% word aangebied.

(b) Andersins moet die ouer 'n minimum van R400 op die dag van die konsultasie betaal. Die balans van die rekening is betaalbaar 30 dae na die konsultasie.

Lang konsultasies en komplekse probleme wat ekstra aandag en sorg vereis :

Lang konsultasies (>60 minute) en konsultasies vir komplekse probleme dra addisionele koste (teen die betrokke mediese fonds-tarief vir verlengde- of komplekse konsultasies). Vir mediese fondse waarmee die praktyk nie 'n kontrak gesluit het nie, word hierdie konsultasies aangeslaan volgens die kontanttarief vir verlengde- of komplekse konsultasies.

Roetine opvolg konsultasies

Pasgebore (bekende) baba 1-week opvolg :

- R550 (sonder borsvoeding ondersteuningspakket)

- R850/ volle mediese fonds-konsultasietarief vir ingekontrakteerde fondse (sluit in 'n borsvoeding ondersteuningspakket ter waarde van R300)

6-Week opvolg R850/volle mediese fonds-konsultasietarief vir ingekontrakteerde fondse

Ander opvolg konsultasies R550 (immunisasie ingesluit)

Ingekontrakteerde fondse	Verwysing/ magtiging benodig
Bankmed	Bankmed PMB & Basic

<p>Bonitas</p> <p>Discovery Health (Sluit in die volgende Discovery Health-geadministreerde fondse : AngloVaal Group Medical Scheme, BMW Employees Medical Scheme, Engen Medical Benefit Fund, LA Health Medical Scheme, Naspers Medical Scheme, Quantum Medical Scheme, Remedi Medical Aid Scheme, Retail Medical Scheme, The Foschini Group Scheme, Tsogo Sun Group Medical Scheme, UKZN Medical Scheme, Wits Medical Scheme)</p> <p>Fedhealth GEMS Momentum Health Polmed Profmed</p>	<p>Bonitas Primary, Standard, Standard Select & Boncap Discovery Keycare</p> <p>LA Health Keyplus</p> <p>Fedhealth alle opsies GEMS Beryl, Ruby & Sapphire</p> <p>MBMed Medihelp Necesses Medipos Pick n Pay SA Breweries Samwumed Sasolmed</p> <p>Let wel dat bogenoemde lys gereeld verander en dat u welkom is om by die praktykontvangs navraag te doen rondom die nodigheid van 'n huisdokter-verwysing/magtigingsnommer met u betrokke mediese fonds-opsie.</p>
--	---

Pasiëntjies nie op mediese fonds nie

Nie-mediese fonds-/ privaat-pasiënte moet die volle konsultasiefooi op die dag van die konsultasie vereffen.

2020 Kontanttariewe

Standaard/ eerste konsultasie R850

Lang konsultasies (>45 minute) en konsultasies vir komplekse probleme dra addisionele koste (R400 vir elke 15 minute langer as 45 minute en/of R400 ekstra vir 'n komplekse probleem).

Pasgebore (bekende) baba 1-week opvolg :

- R550 (in afwesigheid van borsvoeding ondersteuningspakket)
- R850 (sluit in 'n borsvoeding ondersteuningspakket ter waarde van R300)

6-Week opvolg R850

Ander opvolg konsultasies R550 (immunisasie verniet)

2020 Tariewe van ander dienste gelewer en ander betrokke foie

1.Telefoniese konsultasies of mediese advies verskaf deur e-pos, SMS of Whatsapp R250-400*

*Na gelang van die duurte en hoeveelheid werk gegenereer deur die kommunikasie. Indien Dr Stander van die oortuiging is dat dit in die beste belang van die pasient is om liever in die spreekkamer of by ongevalle gesien te word of indien hy voel dat daar te veel risiko ter sprake is, behou hy die reg om te weier om die konsultasie te doen. Telefoniese konsultasies word ook nie tydens kantoor-ure gedoen vir pasiente wat nie by die spreekkamer bekend is nie.

2.Onbillike kansellasië-en-Versuim-om-op-te-daag-fooi R400

Indien 'n pasient-afspraak nie voor 10h00 op die dag van die afspraak gekanselleer word nie of die pasient sonder enige kennisgewing versuim om op te daag vir die afspraak, behou die praktyk die reg om hierdie fooi te hef, veral indien die afspraakboek vir die dag vol was en ander pasientjies weggewys moes word.

3.Administrasiefooi vir ekstra moeite gedoen met die bekom van magtigings R200

Dit is eintlik nie die praktyk se verantwoordelikheid om namens die pasient magtigings te bekom vir toelating, spesiale ondersoeke, behandeling of subspesialis-verwysing nie. Ons doen dit egter graag om dit makliker te maak vir ouers.

4.Ander

Die trek van bloedmonsters, toediening van inspuitings/immunisasies, nebulisasie, opstel van verslae en skryf van spesiale motiverings mag addisionele koste dra. Dit word gedoen volgens mediese fonds tarief vir ingekontrakteerde fondse. Pasiëntjies nie op mediese fonds nie : die Discovery Health gekontrakteerde tarief word gebruik – doen asseblief navraag by die ontvangs.

Bepalings rakende die tydperk waarin uitstaande rekenings betaal moet word en verdere stappe indien rekeninge nie betaal sou word nie

Indien die mediese fonds nie die volle konsultasiefooi dek nie, is die uitstaande rekening betaalbaar by 30 dae na die konsultasie. Finale kennisgewing vir betaling vind plaas teen 90 dae na die konsultasie. Indien die uitstaande rekening nie in die daaropvolgende 7 dae na finale kennisgewing vereffen of daar nie 'n afbetaal-ooreenkoms aangegaan word nie, vind oorhandiging aan 'n plaaslike prokureursfirma (Nita Brand Prokuteurs) vir invordering plaas. Die pasient-ouer of voog dra die invorderingskoste.

Aanvaarding van die terme en bepalings van die Praktyk konsultasie-fooi beleid vir spreekkamer konsultasies van 1 Julie, 2020

Die Praktyk Konsultasiefooi-beleid vir spreekkamer konsultasies gedoen deur Dr Ruaan Stander is beskikbaar by die praktykontvangs te Russell Straat 34, Worcester. U word aangemoedig om daardeur te lees en vrae te vra indien daar enige onduidelikheid bestaan rakende die terme daarin gestipuleer.

Volle naam van pasient-ouer of –voog of person wat verantwoordelikheid neem vir die rekening

Datum :/...../2020

Handtekening

Deur hierdie vorm te onderteken erken u, as ouer of voog van die pasient, dat u bewus is van die praktyk se konsultasiefooi-beleid en dat u kennis neem dat u as ouer of voog verantwoordelik bly vir die vereffening van die volle rekening van die pasient, selfs al is u ten volle of gedeeltelik verseker deur 'n mediese fonds of ander derde party.